

# St. Josafat

## 12 November

(ca. 1580-1623)

Verdeeldheid onder Christene bly een van die grootste struikelblokke vir die ware evangelisasie van ons wêreld. Die heilige Josafat het sy hele lewe daaraan gewy om kerkeenheid tussen die Westerse en Oosterse Kerke te bewerkstellig. In Oktober 1595 vind daar in Brest-Litowsk in Litaue ’n besonderse gebeurtenis plaas toe die Ortodokse metropoliet van Kiëf (in die moderne Oekraïne) en vyf biskoppe, namens miljoene Oosterse gelowiges, op eenheid met Rome besluit. Josafat was deel van hierdie groep wat die band met Rome, en die opvolger van die heilige Petrus, wou behou en versterk. Hy word aartsbiskop van Polotsk (in moderne Bélarus) en stig kloosters wat steunpunte word van eenheid tussen Oosterse en Westerse gelowiges. Die groot sukses wat behaal word, lei tot vyandskap onder die teenstanders van kerkeenheid en tydens ’n pastorale besoek aan die stad Vitebsk word hy deur ’n oproerige skare om die lewe gebring. .

© Die Oratorium Uitgewery